

# Privacy Statement

1. When you engage with WCBS, you trust us with Personal Information about yourself, including Special Personal Information relating to your health and sex life and where relevant, your child. We are committed to protecting your right to privacy.
2. The purpose of this Privacy Statement is to set out how we collect, use, share and otherwise process your Personal Information, in line with the Protection of Personal Information Act, 4 of 2013 (“POPI”). Defined terms such as “Personal Information”, “Process” and “Special Personal Information” have the meanings given to them in POPI.
3. You have the right to object to the processing of your Personal Information and any information that you provide is entirely voluntary. However, it is important to note that WCBS requires your consent to process your Personal Information in order for you to donate blood. If you do not consent and accept these terms and conditions, you will not be able to donate blood.
4. WCBS will keep your Personal Information strictly confidential and will ensure that it takes appropriate reasonable technical and organisational measures to keep your Personal Information safe, secure and protected from unauthorised access.
5. If you are giving consent for WCBS to process Personal Information of a person under the age of 18 (a minor) you confirm and warrant that you are the legal guardian of such minor and that you have the legal authority to give your consent on their behalf. \*\*\*\*
6. You agree that WCBS may process your Personal Information for the following purposes:
  - 6.1 To verify the accuracy, correctness, completeness of any information provided (or not) to WCBS in the course of the blood donation process and when completing the Donor Questionnaire;
  - 6.2 To examine and test any blood that you donate, including testing for diseases and medical conditions such as HIV and testing your blood type;
  - 6.3 To contact you and provide counselling if you test positive for HIV or another medical condition in accordance with applicable health legislation;
  - 6.4 For maintaining traceability of donations during collection, processing, testing and the administration of blood to patients;
  - 6.5 To contact you where you have specifically consented to receiving notifications and marketing information about WCBS’s blood drives, promotions, news or updates relating WCBS;
  - 6.6 To administer, update and customise our blood donation drives.
  - 6.7 To conduct market, statistical, demographic and academic research, (in terms of which any Personal Information has been deidentified and anonymised).
7. We will ensure that any third party with whom we share your Personal Information agrees to treat your information with the same level of protection as we are obliged to. If a third party asks WCBS for any of your Personal Information, we will share it with them only if you have already given your consent for the disclosure of this information to that third party; or we have a legal or contractual duty to give the information to that third party.
8. Your Personal Information may be shared with third parties such as our phlebotomists, academics, laboratory officers and researchers. We ensure that the third parties will keep your Personal Information confidential and all data will be made anonymous to the extent possible and where appropriate. No Personal Information will be made available to a third party unless that third party has agreed to abide by strict confidentiality and security protocols that we require. If we publish the results of any research, you will not be identified by name. If we want to share your Personal Information for any other reason, we will do so only with your permission.
9. If you have consented to receiving marketing communications from us where specified in the Consent Form, you agree that WCBS may keep you updated about any offers and new products that are made available from time to time. WCBS and contracted third-party service providers may communicate with you about these. Please let WCBS know if you do not wish to receive any marketing material by contacting us at info@wcbs.org.za and including your name and cell phone number for us to update the database.
10. You have the right to enquire about what Personal Information of yours WCBS holds, and obtain it free of charge. We will take all reasonable steps to confirm your identity before providing details of your Personal Information.
11. You agree that WCBS may retain your Personal Information for as long as we may require it (for example to comply with statutory retention periods) until you ask us to delete or destroy it. You have the right to ask us to update, correct or delete your Personal Information, unless the law requires us to keep it. Where we cannot delete your Personal Information, we will take all practical steps to de-identify it.
12. WCBS may change this Privacy Statement at any time. The current version is available on <https://WCBS.org.za/>.
13. If you believe that WCBS has used your Personal Information contrary to this Privacy Statement, you have the right to lodge a complaint with the Information Regulator, under POPI, but we encourage you to first follow our internal complaints process to resolve the complaint. Please contact our Information Officer at PAIA@wcbs.org.za if you have any questions about how we process your Personal Information or if you have a complaint.
14. Contact details for the Information Regulator: The Information Regulator (South Africa) | SALU Building | 316 Thabo Sehume Street | Pretoria Tel: 012 406 4818 | Fax: 086 500 3351 | info@justice.gov.za

When you sign this Consent Form, you confirm that you have read and understood the Privacy Statement and you consent and agree to be bound to the terms and conditions of this Privacy Statement.

SIGNED at ..... on .....20.....

\_\_\_\_\_ Signature \_\_\_\_\_ Full Name

\*\*\*\*If consenting on behalf of a minor please provide:

Name of minor: \_\_\_\_\_ ID number: \_\_\_\_\_

Relationship to minor: \_\_\_\_\_



# Privaatheidsverklaring

1. Wanneer u met die WKB saamwerk, vertrou u ons met Persoonlike Inligting oor uself. Dit sluit Spesiale Persoonlike Inligting in wat met u gesondheid, sekslewe en, wanneer van toepassing, met u kind verband hou. Ons is verbind tot die beskerming van u reg op privaatheid.
2. Die doel van hierdie Privaatheidsverklaring is om uiteen te sit hoe ons u Persoonlike Inligting in ooreenstemming met die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 ("POPI"), inwin, aanwend, deel en andersins verwerk. Gedefinieerde terme soos "Persoonlike Inligting", "Verwerk" en "Spesiale Persoonlike Inligting" dra die betekenis wat POPI daaraan toeskryf.
3. U het die reg om teen die verwerking van u Persoonlike Inligting beswaar te maak en enige inligting wat u verskaf, is heeltemal vrywillig. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die WKB u toestemming vereis om u Persoonlike Inligting te verwerk sodat u bloed kan skenk. Indien u nie tot hierdie bepalings en voorwaardes instem en dit aanvaar nie, sal u nie bloed kan skenk nie.
4. Die WKB sal u persoonlike inligting streng vertroulik hou en sal verseker dit tref gepaste en redelike tegniese en organisatoriese maatreëls om u Persoonlike Inligting veilig, beveilig en beskerm teen ongemagtigde toegang te hou.
5. Indien u toestemming aan die WKB verleen om Persoonlike Inligting van 'n persoon jonger as 18 jaar ('n minderjarige) te verwerk, bevestig en stel u dit dat u die wettige voog van sodanige minderjarige is en dat u die wetlike gesag het om u toestemming namens hom of haar te verleen.  
\*\*\*\*
6. U stem in dat die WKB u Persoonlike Inligting vir die volgende doeleindes mag verwerk:
  - 6.1 Om die akkuraatheid, korrektheid en volledigheid van enige inligting te bevestig wat deur die loop van die bloedskenkingsproses en met die voltooiing van die skenkervraelys aan die WKB verskaf word (of nie);
  - 6.2 Om enige bloed te ondersoek en te toets wat u skenk, wat toetsing vir siektes en mediese toestande soos MIV en die toetsing van u bloedgroep insluit;
  - 6.3 Om u te kontak en berading te verskaf indien u positief toets vir MIV of 'n ander mediese toestand in ooreenstemming met toepaslike gesondheidswetgewing;
  - 6.4 Vir die handhawing van die naspeurbaarheid van skenkings gedurende insameling, verwerking, toetsing en toediening van bloed aan pasiënte;
  - 6.5 Om u te kontak waar u spesifieke toestemming verleen het om kennisgewings en bemerkingsinligting oor die WKB se bloedveldtogte, -promosies, -nuus of bywerkings rakende die WKB te ontvang;
  - 6.6 Om ons bloedskenkingsveldtogte te administreer, by te werk en te pasmaak, en
  - 6.7 Om bemerkings-, statistiese, demografiese en akademiese navorsing te onderneem (aangaande waarvan enige persoonlike inligting gede-identifiseer en geanonimiseer is).
7. Ons sal verseker dat enige derde party met wie ons u Persoonlike Inligting deel, instem om u inligting met dieselfde vlak van beskerming te behandel as waartoe ons verplig word. Indien 'n derde party enige van u Persoonlike Inligting by die WKB aanvra, sal ons dit slegs met hulle deel indien u reeds toestemming verleen het tot die bekendmaking van daardie inligting aan daardie derde party, of indien ons wetlik of kontraktueel verplig word om die inligting aan daardie derde party te verskaf.
8. U Persoonlike Inligting mag dalk met derde partye soos flebotomiste, akademici, laboratoriumbeamptes en navorsers gedeel word. Ons verseker dat die derde partye u Persoonlike Inligting vertroulik sal hou, en dat alle data geanonimiseer sal word in die mate waarin dit moontlik en waar dit van pas is. Geen persoonlike inligting sal aan 'n derde party beskikbaar gestel word tensy daardie derde party daartoe ingestem het om die streng vertroulikheids- en veiligheidsprotokolle te handhaaf wat ons vereis nie. Indien ons die resultate van enige navorsing publiseer, sal u nie persoonlik ge-identifiseer word nie. Indien ons u Persoonlike Inligting om enige ander rede wil deel, sal ons dit slegs met u toestemming doen.
9. Indien u ingestem het om bemerkingskommunikasie van ons af te ontvang waar dit in die toestemmingsvorm gespesifiseer word, stem u in dat die WKB u ingelig kan hou oor enige aanbiedings en nuwe produkte wat van tyd tot tyd beskikbaar gestel word. Die WKB en gekontrakteerde derdepartydiensverskaffers mag in verband daarmee met u kommunikeer. Stel die WKB asseblief in kennis indien u nie enige bemerkingsmateriaal wil ontvang nie deur ons te kontak by [info@wcbs.org.za](mailto:info@wcbs.org.za), sluit asseblief jou naam en selfoonnummer in sodat ons dit so op ons databasis kan aanbring.
10. U het die reg om navraag te doen oor watter van u Persoonlike Inligting die WKB hou en dit gratis te bekom. Ons sal alle redelike stappe doen om u identiteit te bevestig voordat ons besonderhede van u Persoonlike Inligting verskaf.
11. U stem in dat die WKB u Persoonlike Inligting mag behou vir so lank as wat ons dit dalk kan benodig (byvoorbeeld om aan statutêre retensiedperke te voldoen) totdat u ons versoek om dit te skrap of te vernietig. U het die reg om ons te versoek om u Persoonlike Inligting by te werk, te korrigeer of te skrap, tensy wetgewing vereis dat ons dit behou. Waar ons nie u Persoonlike Inligting kan skrap nie, sal ons alle praktiese maatreëls tref om dit te de-identifiseer.
12. Die WKB mag hierdie Privaatheidsverklaring enige tyd wysig. Die jongste weergawe is beskikbaar by <https://WCBS.org.za/>.
13. Indien u dink die WKB het u Persoonlike Inligting in stryd met hierdie Privaatheidsverklaring aangewend, het u ingevolge POPI die reg om 'n klagte by die Inligtingsreguleerder in te dien, maar ons moedig u aan om eers ons interne klagteproses te volg om die klag op te los. Kontak asseblief ons inligtingtingsbeampte by [PAIA@wcbs.org.za](mailto:PAIA@wcbs.org.za) indien u enige vrae het oor hoe ons u Persoonlike Inligting verwerk, of indien u 'n klagte het.
14. Kontakbesonderhede van die Inligtingsreguleerder: Die Inligtingsreguleerder (Suid-Afrika) | SALU-gebou | Thabo Sehumestraat 316 | Pretoria Tel: 012 406 4818 | Faks: 086 500 3351 | [inforeg@justice.gov.za](mailto:inforeg@justice.gov.za)

Wanneer u hierdie Toestemmingsvorm onderteken, bevestig u dat u die Privaatheidsverklaring gelees en verstaan het, en dat u toestemming verleen en instem om deur die bepalings en voorwaardes van hierdie Privaatheidsverklaring gebind te wees.

ONDERTEKEN te ..... op .....20.....

\_\_\_\_\_ Handtekening \_\_\_\_\_ Volle name

\*\*\*\*Indien u namens 'n minderjarige toestem, verskaf asseblief die volgende:

Naam van minderjarige: \_\_\_\_\_ ID-nummer: \_\_\_\_\_

Verhouding met minderjarige \_\_\_\_\_